

Maandag 26 April

Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-4

Fokusgedeelte: Kolossense 3:2

Rig jou gedagtes op Jesus

Daar is so baie dinge rondom ons wat ons aandag van die Here af kan wegtrek: televisie, internet, sosiale media, werk, sport. Noem maar op. Daar is selfs 'n tipe godsdiens, 'n manier van doen wat op die oppervlak baie goed en godsdienstig lyk, maar in werklikheid ons aandag van God af weg trek. Lees Kolossense 2:20–23.

Hoe maak ons dan seker, of hoe keer ons dat ons nie tyd en aandag en energie spandeer aan sake wat nie werklik van belang is nie? Deur ons “gedagtes te rig op die dinge wat daarbo is, en nie op die dinge wat op die aarde is nie”.

Die Here Jesus het ná sy dood en opstanding opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God. Daardeur het Hy vir ons die pad oopgemaak om ook eendag saam met God in die hemel te wees. Juis omdat ons saam met Christus ingereken word in sy dood en ook ingereken word in sy opstanding, het ons nou ook 'n hemelse perspektief. Ons het gesterf vir die wêreld en sy dinge, en lewe nou vir Jesus en sy dinge. Wat vir Hom belangrik is, is nou vir ons belangrik. Wat ons dink, wat ons doen, wat ons sê, is wat die Here dink en doen en sê. Ons fokus is verskuif, weg van die aarde en gerig op die hemel. Ons is dood vir die dinge van hier en lewe vir die dinge van daar.

Maar, ons is nog hier – vir nou. Daarom het ons soveel meer nodig om ons fokus op Jesus alleen te hou sodat ons nie die pad byster raak nie. Dit kan ons alleen in die wete dat ons lewe “saam met Christus verborge is in God”. Ingeweef, saamgeveg, onlosmaaklik aan mekaar gebind. Veilig in die hand van God. En daarmee saam 'n belofte: dat ons met die wederkoms van Jesus saam met Hom sal wees en in sy heerlikheid sal deel!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)